

September 2008

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Mens praat van 'n louwarm ontvangs. My vorige brief het definitief nie 'n louwarm ontvangs gekry nie maar 'n yskoue een. Nou dat Pretoria se verjaarsdag iets van die verlede is en die naamsverandering op ys geplaas is het die belangstelling in die geskiedenis van Pretoria heeltemal verflou. Slegs vier uit meer as 140 mense het iets oor die brief te sê gehad. Laat weet asseblief indien ek u naam van die versendingslys moet verwijder.

---

### Die volgende van Freda Green

Dagsê Rosa,

Vandag wil ek graag hoor of jy my dalk kan help met inligting. My bronre is uitgedroog!

1. Het jy dalk 'n foto of enige inligting i.v.m. die vlieënde piercing restaurant wat in Elarduspark geleë was voor die voorstad tot stand gekom het? Dit was altyd 'n baken as jy van die Oos-Rand na Pretoria gery het. Vandag is daar nog 'n "Pieringstraat" in die omgewing. Wat was die amptelike naam van die plek? Ons het altyd maar net verwys na die vlieënde piercing.
2. Na watter Mitchell is Mitchellstraat in Pretoria-Wes vernoem?

Baie dankie.

---

### Die volgende van Anton Jansen

Baie dankie vir die interessante Augustus Nuusbrief.

Ek het 'n kaart van Pretoria van November 1879 waarop die watervore langs die strate geteken is. In daardie jare was daar nog nie gepypte water nie en Pretorianers het hulle water uit leivore vanaf die Fonteine gekry. Baie inwoners het waterputte gehad vir drinkwater - die watertafel was baie hoog. Trouens dit is nog steeds hoog want byna elke kelder onder die geboue het pompe wat die water in die stormwaterpype van die Stadsraad pomp en dit vloeи weer na die Apiesrivier - by die Leeubrug kan mens die water uit die pype sien loop.


Ek het laasweek die plek van Gert Bronkhorst (broer van Lucas Bronkhorst) se dam in die Apiesrivier gevind asook die leivoor wat vanaf die dam na sy landerye loop. Die dam is presies reg wes van Unisa se hoofgebou en is tans van beton en aan die Oosoewer is daar nou traliewerk voor 'n waterpyp wat voorheen die leivoor was. Die pyp lê op dieselfde plek waar die leivoor was en eindig in Unisa se gronde wat voorheen Normaal Kollege se sportsgronde was. Tot 1954 was dit Portugese groentetuine. Daar het ek 'n cementdam gevind waarin die waterpyp in uitkom.

Dit alles kon ek bevestig deur na 'n foto op p 254 van *Pretoria 1855 - 1955* te kyk waar die leivoor met 'n stippellyn aangedui is.

Volgens Unisa is daar 'n servituut geregistreer vanaf die Apiesrivier tot by hulle gronde. Ek gaan nou probeer dat Unisa alles restoureer en die waterstelsel laat funksioneer. Dan sal dit van die oudste erfgoed van blanke setlaars wees. Groete. Anton.

Hier volg 'n lekker deurmekaar brief. Ek gaan die feite soos deur verskeie skrywers opgeteken weergee en dan moet u maar self afleidings maak. Ek het probeer maar ek dink al in sirkels en kom nooit by 'n punt uit nie. Is die watervoor die een wat op die ou kaarte aangedui word? Wie het die watervoor gemaak?

Hier is die foto uit Engelbrecht se boek [Eng-04 p254].



Ek het na die foto gaan kyk en besluit om iets oor die foto te skryf.

#### Huis van Christiaan Joubert

Die huis met die interessante gewel in die middel van die foto in Mainstraat was die vroeëre woonhuis van Chrisjan Joubert, hoof van Mynwese. Dit was 'n verdiepinghuis ontwerp deur De Zwaan & van Dyk en is einde 1890 voltooi. Binnekant die huis is interessante muurskilderye deur Frans Oerder. Die terrein van die Chrisjan Joubert woonhuis is waar die woonhuis van Bronkhorst, die eerste eienaar van Elandspoort, vroeg in die 1840-er jare gebou is. [Rex-2 p31]


Volgens oorlewering het Oerder 'n opdrag gekry om die Z.A.R. wapen in die huise van al die Hoofde van Departemente te verf. Moontlik is dit so 'n skildery waarna hier verwys word.

In die Staatsalmanak van 1898 en 1899 [Sta-02 p40, Sta-03 p40] verskyn die naam van Christiaan Joubert as hoof van die Departement van Mynwese. Sy kantoor was op Kerkplein waar die Paleis van Justisie vandag is.

#### Straatname

Mainstraat se naam het later verander na Normaalstraat. Die Normaalkollege bestaan nie meer nie so ek weet nie of die staat nog steeds die naam dra nie.

#### So het die gebied in 1889 gelyk [Kaa-04]



Die straat regs van die rivier is Mainstraat en die volgende straat is Prellerstraat. Harmoniestraat het in 1889 nog nie bestaan nie. Die pad heel links op die kaart is die pad "NAAR DE FONTEINEN".

#### Dam

Die "muise" in die middel van die kaart is 'n opgaardam en leivoor wat gebruik was om die landerye in die draai van die rivier nat te maak. Die rivier is natuurlik die Apiesrivier.

#### Harmonie

Harmonie is waar die Van Warmelo-familie gewoon het en waar die gebeurtenisse afgespeel het wat deur Johanna Brandt/van Warmelo in haar boek "Die Kappiekommando" beskryf word [Bra-001]. Die Harmonie Dameskoshuis van die Normaalkollege is later daar gebou.

## So het die gebied ná 1899 gelyk [Kaa-08]



So het die gebied 10 jaar later gelyk. Baie meer strate en ook baie meer huise. Die dam is nog steeds daar. In 1949 het mnr. H.G. Budke, wie se Oupa eers daar gewoon het, vir Willem Punt gaan wys wat hy kan onthou van sy oupa se plaas Du Preezhoek. Die inligting is weergegee in die eerste artikel in die eerste Pretoriana-tydskrif van 1951 [Pr-001 p4]. Hier volg die artikel. Dit is interessant om dit op die kaart te probeer volg. Net jammer hulle het nie toe al digitale kameras gehad nie.

### Enige besonderhede in verband met Du Preezhoek

Aan die suidekant van Pretoria, tussen die Fonteinepad, Delagoabaai-spoorlyn en Willowweg is die bekende stadsdeel Du Preezhoek geleë.

Du Preezhoek is na Jan du Preez, bygenaamd Diknek, 'n vroeë intrekker van Pretoria vernoem. Hy het sy opstal hier gebou en landerye, vrugtebome en 'n beeskraal aalgelê. Die groot populierbos effens suid van Willowweg getuig vandag [1951] nog van Du Preez se eertydse plaas.

Op 14 Augustus 1949 het mnr. H.G. Budke Snr., 'n kleinseun van Jan du Preez, die murasies en die landerye gaan aanwys. Hier volg die verslag van ons besoek.

Waar tans die suidelike tennisbane van Bereapark is, was voor 1890 'n meul. Die bouvalle is ongeveer 50 tree van die suid-weshoek van die bane en vas teen die oostekant van die wapad. Oorspronklik was die gebou 'n meul maar in later jare

het dit as limonadefabriek diens gedoen. Ongeveer 1887 het die fabriek vermoedelik aan 'n sekere Jones behoort en E. Budke was die bestuurder. Die ongewing van die meul was laagliggende land en die watervoor van Du Preezhoek het die dryfkrag vir die meul verskaf.

Veertig tree wes van waar tans die populierbos van Du Preezhoek is, het die huise van Jan du Preez en sy seun Frans gestaan. Mn. Budke het dikwels sy grootvader gaan besoek en dikwels tussen 1885 en 1903 by du Preez se huis gekuier. Oupa Jan se huis het 20 tree reg noordwes van die populierbos gestaan. Voor die huis was die plaaswatervoor waarlangs treurwilgers gegroeи het. Van hierdie ou reuse staan nog enkele bome. Suidwaarts, die voor op en teen die spoorweg, staan 'n drietal wilgers wat in mn. Budke se kinderjare jong boompies was en naastenby 70 jaar oud is. Die oue reuse langs die voor en teenoor die bouval van die huis moet naastenby 100 jaar oud wees.

Aan die agterkant van die huis, teen die spoorweg, het die stadswatervoor vanuit die fonteine na die stad gegaan. Noordwes van Du Preez se huis was die vrugteboord en 'n paar tree verder oor die watervoor die plaaskerkhof van Du Preez en Van der Walt. Hierdie kerkhof is ná die Anglo-Boere oorlog opgeruim en die inhoud na die Ou Kerkhof in Kerkstraat oorgebring.

Vyftig tree suidwaarts van Jan du Preez se woning, digby die spoorweg, was die huis van sy seun Frans. Beide huise het lankal reeds verdwyn maar spore van die leiklipfondamente is nog sigbaar.

Jan du Preez se huis het oos gekyk en 'n voetpad het oor die voetbruggie van die watervoor deur die populierbos na die landerye gegaan. Hier aan die Apiesrivier was twee groot moerbeibome waaronder Jan du Preez gewoonlik toesig oor sy volk in die landerye gehou het. En van hierdie moerbeibome is vandag [1951] nog op die regterwal van die rivier te sien.

In die ou dae nadat die Apies oorstroom het kon geelvisse en palings in die landerye met die hand gevang word.

'n Vyftienjarige dogter van Jan du preez het op 'n keer aan seer oë gely. In haar koorsigheid het sy een nag opgestaan en haar oë in die yskoue watervoor by die voetbruggie gaan baai, met die gevolg dat sy blind geword het. Tog het sy later 'n groot gesin opgevoed. Sy was mn. Budke se grootmoeder.

Net teen die oostekant van die populierbos was 'n ruie rietgat waarvan die water in die Apies gevloeи het. Noord van die bos aan Willowweg waar nou 'n aantal soetdoringbome staan was Du Preez se beeskraal.

Jan du Preez was met Maria Magdalena Van der Walt, 'n dogter van veldkornet Andries Van der Walt, getroud. Na haar dood in 1881 is hy met die weduwee Emmerentia Steyn getroud. Haar seun Josef Steyn het in Willowweg gewoon en die huis bestaan nog.

Jan du Preez het in 1885 nog ferweel Voortrekkerklapbroek, asook veldskoene en breërond velthoed gedra. Alhoewel sy inkomste nie groot was nie, was die lewe in daardie tyd baie goedkoop en Du Preez was 'n welvarende man. Na sy dood kon die familie egter nêrens sy geld vind nie. Mn. Budke het in 1903 na die verlore skat op Du Preezhoek gesoek. Met behulp van 15 volk is die populierbos van noord na suid omgespit maar geld is nie gevind nie.

Eens op 'n keer het 'n volwassene [waarskynlik familie] mn. Budke die bouval van Van der Walt se huis, die eerste in Pretoria, gaan wys en gesê: "Dis die murasie van ou grootjie Van der Walt se huis". Die aanwysings is omstreeks 1890 gedoen. Die oorblyfsels het bestaan uit klei en leiklip wat aan die oostekant van die latere konfytfabiek in die erf van Marais te sien was. Jess Cottage was ongeveer 50 tree suidwes van die bouval. Destyds het 'n Jood met die naam Lithauer in Jess Cottage gewoon. Van Jess Cottage het 'n pad suid na Jan du Preez se huis gegaan. Du Preez se huis is in 1903 gesloop. Mn. Budke het nooit gehoor wie Jess Cottage gebou het nie.

Aan die Apiesrivier digby die spoorlyn is nog 'n klein omheinde kerkhof. Hierin rus 'n kind Van der Werf, verlangs familie van Du Preez en 'n kleinsuster van mn. Budke.

### Begraafphase

Tom Andrews het die volgende geskryf oor die begraafplaas:

One of the first burial grounds in Pretoria was a private block situated at Du Preezhoek, the south-eastern corner of the ground used by the Berea Park archery club [1984] bordered to the south by the remains of the old ZASM Bridge, which when built in 1893, caused the remains of some buried there to be re-interred in what was named the Du Preez enclosure in the north-western corner of Church Street Cemetery. No burial register appears to have been kept for Du Preezhoek. It is thought that persons such as Dr. G.H. Rissik, founder of the Transvaal family and who died shortly after the siege of Pretoria was laid to rest there without a tombstone, and could possibly be one of the un-named graves in this section. Another small cemetery was situated on ground near the Teacher's Training College [Pr-085 p17].

Rekord van die persone van die Du Preezhoek Begraafplaas wat in die Kerkstraat Begraafplaas herbegrawe is is deur dr. W.A. Coetzee opgeteken in 'n Pretorianatydskrif [Pr-102 p13].

Volgens Rex [Rex-2 p31] was daar ook nog 'n kleiner begraafplaas waar Prellerstraat teen die spoorlyn doodloop. Die Bronkhorst-familie was daar begrawe.

## So het die gebied ná 1929 gelyk [Kaa-14]



Die grond waar Du Preez eers sy plaas en landerye gehad het word nou Du Preez Hoek genoem. Die Apiesrivier het al sy kronkels en draaie verloor en is nou gekanaliseer. Harmonie is nog steeds daar en die Normaal College is nou gebou. In Bourkestraat word nou plek gemaak vir 'n "Proposed Hospital" wat later die Zuid Afrikaanse Hospitaal sou word.

Wat ons vandag as Jocob Maréstraat ken word hier Paul Maréstraat genoem. Dit is die eerste keer dat ek daarvan hoor. Sal later gaan kyk of dit werklik so was en of dit 'n spelfout op die kaart is.

### Bonne geraadpleeg

Bra-01 Brandt, Johanna. **Die Kappiekommando of Boervroue in geheime diens.** Prortea Boekhuis. 1999.

Eng-04 Engelbrecht, S.P. [Dr.] **Pretoria 1855-1955.** Wallachs P. & P. Ltd. Pretoria.

Kaa-04 Van Vooren, J. en Oerder, J.H.: **Kaart van Pretoria Z.A.R.** (Schaal 400 Kaapsche [Rijnl.] voet = 1 Eng. dm) 1889. [AND-01 skudblad voor] [ENG-01 p43] [ENG-04 p383] [DUN-01 p-6]

Kaa-08 Donaldson & Hill's **New Map of the City of Pretoria and Suburbs.** Compiled by D. Seccadanari, Engineer and Cartographer. Revised Oct. 1904. (Scale 600 Cape feet = 1 inch) [ENG-04 p383]

Kaa-14 Paff's Plan of Pretoria – Compiled and drawn by Capt. Paff, D.T.D., late Perm Force Staff, DU.D.F. Scale 1:22885. [1929]

Pr-001 Punt, Willem. **Enige besonderhede in verband met Du Preezhoek.** Pretoriana Deel 1 Nommer 1, 1951.

Pr-085 Andrews, T.E. **Church Street Cemetery.** Pretoriana Nommer 85 [Maart]. 1984.

Pr-102 Coetzee, dr. W.A. **Die Du Preezhoek Begraafplaas.** Pretoriana Nommer 102 [Maart]. 1993.

Rex-02 Rex, H.M. [Dr] **Besienswaardighede in Pretoria 1975** Ongepubliseerde aantekeninge. Herv. Kerk Argiewe

Sta-02 Kuipers, H. ea **Staats-Almanak v d Zuid-Afr. Republiek** Staatsdrukkerij, Pretoria 1898.

Sta-03 Kuipers, H. ea **Staats-Almanak v d Zuid-Afr. Republiek** Staatsdrukkerij, Pretoria 1899.

Groete tot volgende maand.

Rosa Swanepoel